

7 Augustus Eksodus 40:1-16, 33-38, (Teks: 40:10 ou-vert.)

Regdeur tot in die Allerheiligste

Wanneer Moses al die opdragte in verband met die tabernakel stiptelik uitgevoer het, kom alles eintlik nog kort! Die magtige teenwoordigheid van die Here ontbreek (vers 34). Ek kan my lewe stiptelik volgens God se Woord probeer inrig en God self nog mis! Hoe kry ek deel aan die magtige teenwoordigheid van die Here? In vers 10 staan iets besonder: Moses moes "die altaar heilig, en die altaar sal *hoogheilig* wees". "Heilig" beteken om afgesonder te wees vir die Here en veral afgesonder te wees van alle sonde, dit wil sê om volkome rein of vlekkeloos te wees. Iemand kan alleen rein wees as sy sonde verwyder is en hy intiem verbind is aan God (vgl. Lev. 10:10). Juis hier kom die spesiale betekenis van die hoogheilige offeraltaar ter sprake. Hoogheilig beteken nie dat die brandofferaltaar heiliger as die ander voorwerpe was nie, maar dat almal wat gelowig in kontak daarmee gekom het, geheilig is (Eks 30:29). En die gewone Israeliet kon slegs kontak hê met die brandofferaltaar wat buite die tabernakel in die voorhof gestaan het. Vanaf hierdie altaar neem die hoëpriester die volk se offer tot binne die Allerheiligste (Lev. 16:15-19). So vorder die gewone sondaar - Israeliet deur 'n plaasvervangende offer van buite die tabernakel tot reg in die Allerheiligste teenwoordigheid van God! Hoe kan ek vandag tot in God se magtige teenwoordigheid vorder? Alleen deur 'n geloofsband met 'n rein Jesus Christus wat Homself eenmaal aan die kruis in my plek geoffer het (vgl. Heb. 9:11-15, 24-26). Alleen die Heilige Gees kan hierdie geloof gee aan die bidder.

Wanneer laas was jy deur die geskeurde gordyn (Matt 27:51) tot in die Allerheiligste? En hoe het dit jou bewegings verander? (lees vers 37; vgl. ook 1 Kor. 6:19-20).

Sing: Psalm 63:2 (wysie Psalm 45)
(Johannesburg-Wes)

Ds. J. Pretorius